

## 4 Februarie

Skrifgedeelte: Deuteronomium 13

Fokusgedeelte: Deuteronomium 13:4

# Ware vervulling is alleen in God te vinde

Die eerste gebod wat leer dat ons die Here ons God alleen moet dien, is nie sonder rede die eerste gebod van die tien gebooie nie. Dit is ook nie sonder rede dat die Here in hierdie paar hoofstukke van Deuteronomium hierdie eerste gebod so dikwels beklemtoon nie. Dit is nie net die Israëliete wat hierdie gebod oortree het nie. As Christene in die 21ste eeu oortree ons ook daaglik hierdie gebod. Sodra God nie meer die belangrikste in jou lewe is nie, kan jy weet dat daar een of ander vorm van afgodediens is.

Om deeglike selfondersoek te doen, is dit belangrik om jouself af te vra: "Wat is dié ding in my lewe, wat as ek dit verloor, ek die nut van my lewe ook verloor? As ek dit verloor, is al die motivering om aan te gaan, daarmee heen." Dit kan jou gesondheid wees. Dit kan besittings wees. Dit kan 'n eggenoot wees. Dit kan 'n kind wees. Dit kan jou werk wees.

Hierdie is 'n belangrike vraag wat ons onself vandag moet afvra. Die antwoord daarop dui aan wie of wat ons god of God is.

Hoekom is ons bang om ons monde oop te maak en die evangelie te verkondig? Hoekom word ons kwaad vir dinge wat mense aan ons doen of vir ons sê? Hoekom bly ons vir mense kwaad as hulle nie doen wat ons sê nie? Agter al hierdie dinge skuil die gevaar dat ons eie eer ons god geword het. Ons is bang vir wat mense van ons gaan dink. Met ander woorde, dit wat mense van ons dink, is vir ons belangriker as die wil van God.

Niks behalwe die God van die heelal mag die beslissende of die grond van ons bestaan wees nie. Jesus Christus, ons Here, moet ons alles wees. Kom ons werk vir Hom. Kom ons bou ons lewe om Hom. Vertrou met jou hele wese in Hom.

Sing: Skrifberyming 2-2:1

Ds PJ de Bruyn (Gobabis)